Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Wednesday, April 28, 2021
Page: 15

# Minister gevra om in te gryp by Rustenburg

**Susan Cilliers**

Inwoners van Rustenburg vra dat Patricia de Lille, minister van openbare werke, die stad besoek en by die voortslepende water- en kragprobleme ingryp.

Pieter van der Westhuizen skets in 'n brief en voorlegging aan De Lille 'n jammerlike prentjie van hoe " 'n eens florerende stad in Noordwes agteruitgegaan het".

Die inwoners van buurte soos Safari Tuine en Protea Park is ontsteld oor die skade wat glo aangerig word aan hul gras, besproeiingstelsels, motorhekke, heinings en huisinhoud as gevolg van die munisipaliteit se beweerde slordige werk aan infrastruktuur, asook water uit lekkende infrastruktuur wat hul erwe oorstroom.

Intussen gaan die hele Rustenburg gereeld onder water- en kragonderbrekings gebuk, sê Abrie Rootman, VF Plusraadslid in die stad.

"Die jare lange watertekorte is aan die verouderde waterinfrastruktuur en die ANC-beheerde munisipaliteit se wanbestuur van reservoirs te wyte. Die voortdurende kragonderbrekings vererger die watertekorte."

Volgens Van der Westhuizen is die munisipaliteit se herstelwerk aan onder meer lekkende waterpype so swak dat dit twee of drie keer oorgedoen moet word.

"Hulle beskadig gereeld die elektriese infrastruktuur, wat veroorsaak dat ons dan nie water- of kragtoevoer het nie. My heining is die afgelope week erg beskadig toe 'n lamppaal daarop geval het terwyl die munisipaliteit met herstelwerk besig was."

Volgens Van der Westhuizen word gebarste pype gereeld nauurs en soms in die donker sonder voldoende toerusting of beligting gedoen.

"Dit neem partykeer 'n paar dae voordat die werkers opdaag nadat 'n gebarste pyp aangemeld is. Baie water word gemors terwyl dit in erwe loop en skade veroorsaak. My sypaadjie en gras, waaraan ek duisende rande bestee het, is weg."

Volgens Van der Westhuizen het die inwoners in Safari Tuine die eerste drie weke vandeesmaand sowat 30% van die tyd geen water en/of krag gehad nie terwyl hulle elke maand getrou vir dié dienste betaal. "Die Rustenburg-munisipaliteit misluk in sy plig om dienste aan mense in die groter Rustenburg-gebied te lewer en skend só ons grondwetlike en menseregte."

'n Groot kopseer vir die inwoners van Frangipanistraat (Safari Tuine) is diep en lang slote wat die munisipaliteit grawe wanneer herstelwerk aan waterpype of elektriese infrastruktuur gedoen word.

"Ons het miskien twee dae per week water en krag, maar intussen is ons waterrekeninge hemelhoog," sê een van die inwoners.

"Ons is gatvol. Ek moes al twee geisers vervang met die water wat so gereeld af is. My besproeiing is 'n nagmerrie. Die motor van ons buurman se hek het geblaas weens al die water wat in die straat afloop."

Volgens Marguerite de Jong, nog 'n inwoner van Frangipanistraat, het water uit 'n gebarste pyp onlangs deur hul huis geloop en groot skade aan hul meubels en ander huisinhoud veroorsaak.

David Magae, munisipale bestuurder van Rustenburg, sê die munisipaliteit is bewus van die infrastruktuurprobleme en het daarom sowat R30 miljoen begroot om aan water- en elektrisiteitsinfrastruktuur te bestee.

Volgens hom het die werk reeds in die middestad en dele van Tlhabane begin om aandag aan verouderde infrastruktuur, veral die hoofwaterpypleiding, te gee.

"Die bykomende geld sal ook bestee word aan onder meer gebarste pype om waterverliese weens infrastruktuurprobleme te voorkom. Ons meen dat die bestaande probleme teen einde vanjaar taamlik opgelos sal wees.

"Ons vra die inwoners verskoning vir die ongerief. Soms bars meer as een pyp op 'n slag en dan is die werkers genoodsaak om die watervoorsiening in een gebied onmiddellik te staak om eers die gebarste pype te herstel in ander gebiede wat vroeër aangemeld is. Die werkers kan dan eers terugkeer na die probleme wat later aangemeld is."

Magae vra dat die inwoners alle inligting oor hul klagtes soos die name van die werkers of hul toesighouers in 'n bepaalde gebied byhou. "Dit sal help om seker te maak die klagtes geniet aandag ."

Hy sê indien mense die munisipaliteit vir hul skade aanspreeklik wil hou, sal 'n ondersoek gedoen word om onder meer vas te stel of die skade nie reeds aangerig is voordat 'n pyp gebars of die munisipaliteit werk daar gedoen het nie.

■ De Lille se departement het ontvangs van Van der Westhuizen se skrywe erken.

> **"Die jare lange watertekorte is aan die verouderde waterinfrastruktuur en die ANC-beheerde munisipaliteit se wanbestuur van reservoirs te wyte. Die voortdurende kragonderbrekings vererger die watertekorte.**
>
> — Abrie Rootman

**Wat sê jý?** Gee jou mening. Ons luister.
**Stuur 'n SMS na 32515 of skryf 'n brief aan briewe@beeld.com SMS'e kos R1.00**



**Slote wat die Rustenburg-munisipaliteit in Frangipanistraat gegrawe het wat glo skade veroorsaak en veiligheidsrisiko's inhou.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.